



Lêerno.: 27/9  
Verwysing: 20220323-920

Omsendbrief: 0018/2022

Aan: Distriksdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Prinsipale van gewone openbare skole

**Onderwerp: Onthounota: Die aanlyntoelatingstelsel is die ENIGSTE amptelike stelsel of vorm wat deur skole gebruik mag word vir toelating tot gewone openbare skole in die Wes-Kaap**

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) wil u daaraan herinner dat skole volgens Omsendbrief 63/2021, gedateer 08 Oktober 2021, NIE hulle eie toelatingstelsels of enige drukstukke of aanlynvorms vir toelatingstoeleindes mag gebruik NIE.
2. Artikel 5(7) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW), 1996 (Wet 84 van 1996) bepaal dat 'n aansoek om die toelating van 'n leerder tot 'n openbare skool aan die Departementshoof gerig moet word, en artikel 5(7) en (8) maak voorsiening vir sodanige besluit om die leerder te weier en die redes daarvoor:
  - (7) 'n Aansoek om die toelating van 'n leerder tot 'n openbare skool moet aan die onderwysdepartement gerig word op 'n wyse wat deur die Departementshoof bepaal word.
  - (8) Indien enige aansoek ingevolge subartikel (7) geweier word, moet die Departementshoof die ower skriftelik verwittig van sodanige weiering en die rede daarvoor.
3. Die SASW en die Wes-Kaapse Provinsiale Skoolonderwyswet, 1997 (Wet 12 van 1997), stel dit duidelik dat die administrasie van die toelating van leerders die verantwoordelikheid van die Hoof van die WKOD is op die wyse wat deur hom voorgeskryf word.
4. Die aanlynstelsel of 'n drukstuk van die aanlynaansoekvorm is dus die enigste geldige aansoekstelsel wat deur skole gebruik mag word.
5. Skole en beheerliggame word daaraan herinner om die volgende omsendbriewe te bestudeer wat die proses en die redes verwoord waarom skole nie ander vorms of prosesse mag gebruik nie.

- 5.1. Omsendbrief 53/2021, gedateer 09 Maart 2022, verwoord die beleide en prosedures rakende die toelating van ongedokumenteerde Suid-Afrikaanse en buitelandse leerders.
- 5.2. Omsendbrief 59/2021, gedateer 08 Oktober 2021, handel oor onwettige praktyke en dui duidelik aan dat skole **nie** persoonlike inligting oor voornemende leerders en hul ouers **mag** aanvra vir doeleindes van toelating **nie**, want dit is nie in ooreenstemming met hoofstuk 2, paragraaf 5, van die SASW of die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013) nie.
- 5.3. Omsendbrief 63/2021, bepaal dat skole voldoen aan die amptelike tydsraamwerke wat gepubliseer is. Skole **mag nie** vereis dat ouers aanvaarding voor 17 Junie 2022 bevestig **nie**. Ouers het die reg om te wag totdat alle skole op hul aansoek gereageer het voordat hulle 'n finale besluit neem. Ouers het van 27 Mei 2022 tot 17 Junie 2022 om hul finale besluit te neem.
6. Afskrifte van hierdie omsendbriewe is aan alle skole versprei en is beskikbaar op die WKOD se aanlynportaal by <https://wcedonline.westerncape.gov.za/wced-circulars-and-minutes>.
7. Kontak asseblief die tersaaklike kringbestuurder indien u enige navrae het.

**GETEKEN:** HA LEWIS

**ADJUNK-DIREKTEURS-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING - EN KOÖRDINERING**

**DATUM:** 2022-03-30